

# Die Winburg-watergebeurtenis wys God in aksie

Ons het gebid vir reën. Weke lank. En toe stuur die Here vir ons water in bottels en in tenks. Baie meer as twee miljoen liter.

Van oral in ons land het dit gekom, spontaan. Dit was 'n watergebeure – nie 'n aksie of 'n projek nie. Dit het spontaan gebeur.

'n Man van buite die Vrystaat wat gehelp het om vir Senekal water te organiseer, het gehoor dat ons dam en krane leeg is. Hy het hiernatoe gery en in 'n kafee met 'n dame van Rietfontein-gemeente begin gesels. So word Santie Bothma, administratiewe beampste by die plaaslike hospitaal, die spil waarom alles draai. Sonder dat ons gevra of gesoek het, het die sosiale media begin gons en die water het begin opgedaag.

Winburg-gemeente het reeds in November 'n tenk opgesit waarin hulle uit hulle sterk boorgat water geberg en beskikbaar gestel het.

'n Boer en lidmaat van die AP Kerk het 'n tenk by Rietfontein-gemeente opgesit en sy pomp geleen.

Georganiseerde landbou het 'n 25 000-liter-tenk gereël, die plaaslike koöperasie het een geleen en een is by die munisipaliteit gebedel. Die water is dag en nag vrylik beskikbaar gestel vir enigeen in die breë gemeenskap.

Rietfontein se kerksaal was die eerste paar weke lank as 'n versamel- en verspreidingspunt vir al die bottels water gebruik. Dit het intussen geskuif na 'n doelmatige leë gebou wat die eienaar gratis beskikbaar stel.

Net die vyf-liters was in die omgewing van 200 000 bottels. Die plek was soms byna te min, en dan 'n dag later weer byna leeg. Mense-engele het op hulle eie inisiatief en kostes water van Bellville, George, Port Elizabeth, oral in die Vrystaat, Balitobaai, Vaaldriehoek, Johannesburg, Pretoria en baie ander plekke gestuur en gebring. Skole en kerke van ander plekke het betrokke geraak. Van hulle het naderhand soos familie gevoel.

Die watergebeure was van die begin af 'n suiwer gemeenskapsaksie. Mense uit al die sferes van die gemeenskap en



*Bertus Celliers is predikant  
in Winburg.*

kerke het spontaan en vrywillig kom help om water te pomp, waterbottels af te laai en uit te deel. Mense met waterkarre en kleiner tenks op hulle voertuie het water versprei aan diegene wat nie self vervoer het of kan loop nie.

By van die skole, die koshuis, 'n sentrum vir gestremdes, die kindershuis, die aftreeoord en die tronk is tenks sover moontlik volgehou en is duisende bottels water afgelaai, ook in dele van die swart woonbuurt waar daar geen tenks is nie of min of geen water beskikbaar gestel is nie.

## WhatsApp-groep

'n WhatsApp-groep het almal op hoogte gehou, en ons soms in die middel van die nag opgeroep om te kom water aflaai. Saterdag, Sondag, maak nie saak nie.

Ná goeie reëns was die ergste krisis op 'n stadium verby, maar ons het lank nog water ontvang en versprei, aangesien die munisipaliteit sukkel om die beskikbare water in ons dam effektief en skoon in ons krane te kry. Baie dele van die plaaslike swart woonbuurt het onlangs eers meer deurlopend water begin kry. Tans stuur ons dit wat ons ontvang na omliggende dorpe met groter krisisse.

Natuurlik het ons foute gemaak.

Die eerste fase van die watergebeure was meeste van die tyd georganiseerde chaos, en soms ongeorganiseerde chaos. Water het eenvoudig skielik van oral af gekom, by tye selfs in die middel van die nag. En toe mense hoor hier is water, is ons

toegestroom.

Soms was daar "too many chiefs, and too little indians". Mense wat water kon kry, het nie altyd gekry nie. Daar was diegene wat net hulle eie belange gedien het. Blykbaar is selfs van die water verkoop. Daar is op tone getrap.

Ons het gou geleer dat daar dinge is wat 'n mens kan beheer, en ander dinge wat jy nie kan beheer nie. En dat 'n mens jou nie moet steur aan dit waarvoor jy geen beheer het nie. Wat met die water gebeur nádat dit hier weg is, is een van dié dinge.

Ons het die hoeveelheid bottels wat mense op 'n slag kon kry, beperk. Eerder 'n bietjie water vir almal, as wat sommige wat kom haal niks kry nie.

Ons het ook gou besef dat ons waterbottels net op sekere tye moet uitgee. Ons korps van vrywilligers kon eenvoudig nie aanhoudend aan diens wees nie. Die water in die tenks is meestal onder toesig uitgetap, maar 24 uur-beheer is onmoontlik.

Ons het ook nie slotte aan die krane probeer sit nie. Dit sou net afgebreek word, soos wat Winburg-gemeente gou geleer het.

Die munisipaliteit het wel in sekere dele van die swart woonbuurt tenks opgesit en water van buurdorpe af aangery. Dit is egter net in die swart woonbuurt versprei, en boonop net in sekere dele daarvan. Dit is veral die informele nedersettings rondom wat die slegste af was.

Ons lewe nie in 'n volmaakte en ideale wêreld nie. Ons het egter 'n getroue God wat nie verby die nood van mense kyk nie. Op die ou end is ons net dankbaar dat almal wat water in hierdie tyd nodig gehad het, elke dag minstens drinkwater kon kry. Dankie Here! Dankie Suid-Afrika!

Hierdie krisis het mens laat besef hoe afhanklik ons regtig van water is. Jy kan nog planne maak met krag, maar as die water op is, is dit op.

Een belangrik aspek van water waarvoor ons byna nie dink nie, is water vir ons spoeltoilette. Jy kan nog water koop om te drink, jouself met 'n nat

*Na bl 18*

## Wat het ons in die proses geleer?

Wat het ons in die proses geleer?

Die NG kerk is 360 jaar oud, groot en uitgestrek, naby alle gemeenskappe in Suid-Afrika. Dit het 'n reikwydte oor die hele land.

Mense se harte en hande is oop. Hulle vermoë om te organiseer en hulp te verleen, is waarskynlik van die beste in die land. Sinodes kan saamwerk en mense mobiliseer as dit oor die regte sake gaan.

Die vraag is: Hoe neem ons die momentum van die lesse wat ons geleer het uit die saamwerk en welwillendheid verder? Hoe ontwikkel ons 'n gedeelde droom en samehangende projekte vir ons uitdagende land? Hoe kom ons in pas met God wat reeds in gemeenskappe werksaam en teenwoordig is?

Hoe kom ons verby ons verdelende gesprekke en besluite sodat ons een-dragtig sáám kan fokus op die uitdagings wat ons in Suid-Afrika moet aanpak? Hoe breek ons deur 'n kultuur van spanning en konflik, van vrees en onsekerheid, van wantroue en verdediging?

Hoe skep ons 'n samesnoerende

identiteit, en hoe ontwikkel ons projekte wat hierdie kerkidentiteit bevestig en verder neem? Hoe neem ons dit verby teologiese begrippe en sosiale konsepte wat in akademiese gesprekke genuanseerd kommunikeer, maar kragteloos is in ons sosiale konteks waar mense van vlees en bloed, emosies, vrees en vooroordele is?

Die krisis van die droogte het die ware gesig van die NG Kerk na vore laat sien.

Hoe benut ons as leiers die landswye beweging van sorg en omgee om betrokke te wees en 'n verskil te maak? Hoe identifiseer ons verdere saambindende sosiale projekte wat tot voordeel van alle mense in Suid-Afrika is? Hoe laat ons die boodskap van die welwillendheid en potensiaal vir alle mense in Suid Afrika bekend word?

Ons kan nie tevrede wees om teologiese begrippe soos geregtigheid, gelykheid en menswaardigheid in toesprake en skrywes te gebruik, wat nie terselfdertyd omgesit word in konkrete projekte tot voordeel van die gemeenskappe waarin NG gemeentes is nie.

Ons moet leer om kollektief ons

hand in konkrete projekte te plaas wat hierdie begrippe lyf gee, projekte wat dit laat gebeur.

Mense kon dit ondervind met water wat hulle in kerksale en op kerkpersele kon gaan haal en uit die watertens van gelowige lidmate ontvang – lidmate wat hulle trekkers aangeskakel en watertens aangery het, wat stadig deur die armste woonbuurtes beweeg en gestop het sodat vroue en kinders water kon kry om te drink, kosmaak en lewe.

Konkrete projekte word alreeds op groot skaal deur maatskaplike dienste in al die sinodale gebiede gedoen. Ons moet egter steeds leer om dit bétér te doen, bétér te kommunikeer, verbeeldingryk te wees.

Water is lewe. Water is die simbool van God se liefde en genade en aanvaarding. Hierdie droogte het ons aan ons broosheid en blootgesteldheid kom herinner, aan ons diepe afhanklikheid en ons onderlinge verbondenheid.

Mag die geestelike en lewegewende water wat uit die fondasie van die kerk vloeï, op al die plekke waar dit kom lewe bring! Mag die stroom dieper word en vrug lewer ... !

## Die Winburg-watergebeurtenis wys God in aksie

waslap afvee en klere 'n paar kere ná mekaar aantrek en in 'n klein bietjie water uitspoel. Maar as jy nie jou toilet kan spoel nie, is daar gou 'n gemors. Daarvoor het jy minstens 10 liter op 'n slag nodig.

Waar loop 'n dorpenaar of stedeling 'n draai? In skole en koshuise word

hierdie uitdaging baie gou 'n reuse-krisis. Bowendien, as rioolpype nie gereeld voldoende water kry nie, verstop dit gou.

Daarom moet ons land se watersituasie baie dringend en eerlik onder oë geneem word. Dapper stappe om méér water op te gaar, dit méér effektief te gebruik en

méér te spaar, moet eerder gouer as later geneem word.

Die kerk kan met sy wye invloed in die gemeenskap 'n groot rol speel om mense meer waterwys te maak. Dit gaan immers oor die voortgesette bewoonbaarheid van 'n aarde wat ons God vir ons bewoonbaar gemaak het.



Spanwerk om 'n vrag waterbottels af te laai.